# LAERSKOOL VOLSCHENK

LIEFDE VREUGDE RESPEK TROTS

## HOKKIEBELEID

### 1. DOEL

- Die doel van hierdie beleid is om duidelike riglyne te verskaf vir die organisering, deelname en bestuur van hokkie by Laerskool Volschenk. Die beleid ondersteun sport as deel van die leerder se holistiese ontwikkeling en streef na deelname, sportmanskap en prestasie op toepaslike vlakke.

### 2. INHOUD

Die volgende aspekte word hanteer:

- leierskap in sport.
- Die taak van die hokkieorganiseerder.
- Die taak van die afrigters.
- Die kies van spanne.
- Die kies van spankapteine.
- Kleredrag en oefentye.
- Gedrag tydens oefeninge, wedstryde en feesdae.
  Vervoer van spelers.
- Sportdae en wedstryde.
- Proewe vir streek/Eden-spanne.
- Meriete-erkenning.
- Delegasie van bevoegdhede.
- Dispuuthantering.
- Die opstel van die begroting vir hokkie.
- Die verkryging van borgskappe.

### 3. RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN LEIERSKAP IN SPORT

#### INLEIDING

- Hierdie gedeelte handel oor die ontwikkeling van leierskap op sportgebied.

#### LEIERSKAPONTWIKKELING

- Leerders kry die geleentheid om hul leierskappotensiaal op sportgebied te ontdek en te ontwikkel.




Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

**PROSEDURE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

- Dit is die verantwoordelikheid van elke afrigter om elke speler se leierskappotensiaal te help ontdek en ontwikkel. Die belangrikste doelwit is om mede-spelers te dien deur voorbeeld en daad en nie deur ander te oorheers nie.

## 4. HOKKIEORGANISEERDER

### 4.1 HOKKIEORGANISEERDER

- Die personeellid wat al die organisasie en beplanning rondom die hokkieseisoen hanteer.
- Die Hokkieorganiseerder is verantwoordelik vir die doeltreffende bestuur van hokkie by Laerskool Volschenk wat funksies soos organisasie, ordereëlings, afrigting, beampteskap, fasiliteite voorsiening en opleiding insluit.

### 4.2 RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE TAAK VAN DIE HOKKIEORGANISEERDER

**INLEIDING**

- Hierdie gedeelte handel oor die riglyne wat deur die hokkieorganiseerder gevolg moet word.

**PROSEDURE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

Dit is die verantwoordelikheid van die hokkieorganiseerder om die volgende te doen:

- Opstel van die Hokkie-beleid van die skool.
- Beplanning rondom vriendskaplike wedstryde/feesdae.
- Reël van kursusse – afrigting sowel as skeidsregters.
- Organisasie van proewe.
- Organisasie van die Junior-hokkiekliniek.
- Organisasie van die Senior-hokkiekliniek.
- Aankoop van nuwe toerusting.
- Uitdeel en inneem van toerusting vir seisoen.
- Voorraad kontroleer aan die einde van die seisoen.
- Voorraadlys opstel en inhandig vir kontrole vir die einde van die jaar.
- Stuur alle uitslae van wedstryde na skoolhoof.
- Opstel van oefenprogram.
- Opstel van werksverdeling vir die hokkie-seisoen.
- Doen alle betalings wat deur hokkie geraak word.
- Reël en bywoning van vergaderings.
- Begroting opstel vir hokkie.
- Die hokkie-organiseerder kan ouers wat met die spel of oefening inmeng en ongewensde opmerkings maak teenoor 'n speler of skeidsregter versoek om die speelarea te verlaat.



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

- Sy hanteer enige vorm van konfrontasie tussen afrigters, spelers en ouers en meld, indien nodig, dit by die skoolhoof aan.

## 5. RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE TAAK VAN DIE AFRIGTERS

### INLEIDING

- Hierdie gedeelte handel oor die riglyne wat deur die afrigters gevolg moet word.

### AFRIGTERS

Dit is die dames of mans wat spanne afrig en tot hulle volle potensiaal laat ontwikkel.

### PROSEDURE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die verantwoordelikheid van die afrigter is die volgende:

- Elke afrigter neem verantwoordelikheid vir die span aan haar toevertrou.
- Verantwoordelik vir algemene spangees en goeie gesindheid.
- Hy/Sy moet streef om op hoogte te bly met veranderinge in spel deur kursusse en klinieke by te woon.
- Hy/Sy moet optree as skeidsregter vir haar/sy eie span.of help een reël
- Gee uitslae van wedstryde aan organiseerder deur.
- Hanteer die kies van spankapteine.
- Moet by die skoolhoof verskoning maak indien oefening, wedstryde, en sportdae nie bygewoon kan word nie.
- Reël iemand om op te tree as voog en skeidsregter vir haar/sy span indien sy nie wedstryde, sportdae en klinieke kan bywoon nie.
- Reël iemand om haar/sy span af te rig tydens oefening indien sy siek is.
- Opstel van spanlys en mediese informasie van spelers.
- Register van oefening word gehou.
- Betrokke wees by die hokkie proewe.
- Afrigters moet toesien dat die nodige vrywaringsvorms en toestemmings- briefies in plek is vir hokkieklinieke en wedstryde.
- Afrigters moet toesien dat haar/sy span se hokkiekliniek gelde inbetaal is en noukeurig boek hou daarvan.
- Indien daar individue is wat belangstel om as afrigters of hulpafrigters betrokke te raak, moet 'n aansoekvorm volledig ingevul word en by die skool ingedien word vir oorweging en goedkeuring. Hiermee word verseker dat 'n afrigter vir die volle duur van die seisoen verbind is tot afrigting.
- 'n Kontrak word deur die skool opgestel. Hierin vervat is:
  - Vergoeding



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

- Pligte
- Moet geteken word voor die aanvang van die hokkieseisoen.

- Daar word van buite-afrigters verwag om wedstryde by te woon en as skeidsregter op te tree vir die span.
- Spelers en ouers moet berus by afrigters se spankeuses.

## 6. RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE KIES VAN SPANNE

**INLEIDING**

- Hierdie gedeelte handel oor die kies van A-, B-hokkiespanne by die dogters en seuns.

**KIES VAN SPANNE**

- Daar word A-, B-spanne in elke ouderdomsgroep gekies van O/7- tot O/13-dogters en -seuns.
- Daar kan ook minder spanne per ouderdom gekies word. Dit hang af van die hoeveelheid spelers wat opdaag vir oefening.

  8 spelers en 2 reserwes by 0/7 - 0/10 dogters en seuns.

  11 spelers en 2 reserwes (11-13 spelers) by 0/11 – 0/13 dogters en seuns.
- Na afloop van die hokkieseisoen geniet die o/13 seuns- en dogters hokkiespanne die voorreg om proefwedstryde the speel om 'n oefengroep vir die daaropvolgende jaar te kies, om sodoende voorbereidingstyd vir die volgende hokkieseisoen te bied.
- Daar word wel vereis dat daar 'n volledige proewe aan die begin van die nuwe seisoen gehou moet word, om vir enige hokkiespeler die geleentheid te bied om in aanmerking vir die skool se A-spanne te kom.

## 7. RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE KIES VAN SPANKAPTEINE

**INLEIDING**

- Hierdie gedeelte handel oor die kies van spankapteine.

**SPANKAPTEINE**

- Spankapteine word deur middel van 'n stemproses op stembriewe gekies; die afrigter behou egter die reg om die finale besluit oor die aanstellings te neem.

**PROSEDURE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

Die kies van spankapteine geskied as volg:

- Die afrigter verduidelik presies wat die kapteine se pligte behels.
- Sê aan speelsters/spelers dat die kapteine ten alle tye leiding moet kan neem.
- Die kaptein word gekies en aangewys deur die afrigter.



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

- Sy/hy moet leiding en hulp van die afrigter met haar taak ontvang.
- Die taak van kapteine, onder toesig van die afrigter:
- Maak seker dat span korrekte hokkiedrag aan het.
- Heet besoekende skole se speelsters/spelers tydens tuiswedstryde welkom.
- Groet skeidsregter voor 'n wedstryd en bedank haar/hom na afloop van die wedstryd.
- Handhaaf dissipline in die span, van en op die veld.
- Sien toe dat velde netjies agtergelaat word.
- Sy/hy moet weet indien 'n plaasvervanger of spanskuiwings plaasvind en die skeidsregters daarop wys.
- Navrae oor skeidsregter se besluite.

## 8. RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE KLEREDRAG EN OEFENTYE

**INLEIDING**

- Hierdie gedeelte handel oor oefentye en kleredrag van die speelsters/spelers tydens wedstryde.

**DEFINISIE - OEFENTYE**

- Tye wat deur die afrigter deurgegee word vir 'n span om te oefen.

**OEFENTYE**

- Dogters en seuns oefen op Maandae en Woensdae. Hierdie oefendae kan skuif indien netbal- en rugbywedstryde op oefendae geskeduleer is.
- Register van oefentye moet gehou word:
- Daar moet register gehou word. Indien 'n speelster/speler sonder verskoning of mediese sertifikaat afwesig is, word sy/hy gewaarsku.
- 'n Tweede keer sonder 'n verskoning of mediese sertifikaart word sy/hy vir 'n wedstryd uitgelaat.

**KLEREDRAG**

Dogters moet as volg geklee wees:

Dogters 0/7 tot 0/13 dra sporthemp met blou broekie of rompie en blou hokkiekouse.

Die 0/13-dogters mag ander drag vir die seisoen kry, indien daar 'n borg beskikbaar is. Eerste span dra eerste span drag soos wat geborg is die gegewe jaar.

**Geen leerder sal op die veld toegelaat word indien sy nie die regte drag aanhet nie.**

Beenskerms (Shin pads) moet te alle tye met oefening en wedstryde gedra word.

Sporthemp en hokkiekouse is te koop by klerewinkel. Kouse is beskikbaar by De Jagers.

Toerklere word slegs tydens toer en oefenineg gedra.

Mondskerms is verpligtend ten alle tye. Indien die speler dit nie dra nie, is dit op eie risiko.



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

## 9. RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN ALGEMENE GEDRAG TYDENS OEFENINGE EN WEDSTRYDE

### INLEIDING

- Hierdie gedeelte handel oor afrigters, spelers en ouers se algemene gedrag tydens oefeninge en wedstryde.

### ALGEMENE GEDRAG

- Afrigters, spelers en ouers se gedrag.

### PROSEDURE EN VERANTWOORDELIKHEID

### AFRIGTERS

- Dit is die afrigter se verantwoordelikheid om die span, aan haar/hom toevertrou, af te rig. Afrigting geskied professioneel. Geen afrigter raak in konfrontasies met spelers of ouers betrokke nie. Indien enige probleme opduik, word die probleem onmiddellik by die hokkie-organiseerder aangemeld vir opvolgwerk.

### SPELERS

- Spelers is lojaal teenoor hul afrigter.
- Spelers luister en volg die leiding van hul afrigter.
- Spelers raak nie in bakleiery met mekaar, op of van die baan af, betrokke nie.
- Spelers raak nie in konfrontasie met afrigters betrokke nie.
- Indien 'n speler 'n probleem met die afrigter of 'n ander speler ondervind, word die probleem by die hokkie-organiseerder aangemeld, wat dit verder sal hanteer.

### OUERS

- Ouers is lojaal teenoor die span se afrigter en spelers.
- Ouers meng nie in met die afrigter se afrigting nie.
- Ouers mag help met die inoefening van vaardighede.
- Ouers maak nie afbrekende en negatiewe opmerkings teenoor spelers of afrigters nie.
- Indien 'n ouer 'n probleem met die afrigter of 'n speler ondervind, word die probleem by die hokkieorganiseerder aangemeld wat dit verder sal hanteer.
- Ouers mag nie op die veld gaan nie.

### INLIGTING

- Alle inligting ten opsigte van die hokkieseisoen word per brief aan die ouers deurgegee,

## 10 RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE VERVOER VAN SPELERS



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

**INLEIDING**

- Hierdie gedeelte handel oor hoe spelers na wedstryde vervoer word.

**VERVOER VAN SPELERS**

- Die wyse waarop spelers van een skool na 'n ander geneem word.

**PROSEDURE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

Indien weg-wedstryde gespeel word, word speelster/speler as volg vervoer:

- Wedstryde buite Riversdal word voor aansoek gedoen by die kringkantoor.
- Deur hulle ouers.
- Met 'n groot gehuurde bus/skoolbussie indien dit nodig is.
- Afrigters moet toesien dat die nodige vrywaringsvorms en toestemmingbriewe in plek is.
- Elke afrigter wag tot elke speler in sy/haar span veilig deur ouer opgelaai is met aankoms by die skool.

## 11 SPORTDAE EN WEDSTRYDE

**PROSEDURE**

- Die Skool bepaal die datums van die Sportdae.
- Die hokkieorganiseerder woon die Eden-vergadering by.

## 12. PROEWE VIR DISTRIKSPANNE EN PROVINSIALESPANNE

**PROSEDURE**

- Die spanafrigter, in samewerking met die afrigter besluit watter **o/13**-spelers vir proewe gestuur word.
- Slegs die twee ouderdomme 0/13-groep is betrokke by die proewe.
- Dit is die spelers wat die meeste potensiaal het en wat uitstaan met sy/haar hokkievaardighede en spel.
- Die afrigter voltooi die spanlyste en sy gee dit aan die hokkie-organiseerder.
- Die hokkieorganiseerder e-pos dit deur na die streek toe.
- Die proewe vind plaas volgens Eden voorwaardes en termes.
- Daar is 'n deelname fooi per speler wat betaal word deur die speler vir die dag.
- Die spelers speel in spanverband en is geklee in Volschenk hokkiedrag indien dit van Eden verwag word.
- Die keurders word voor die tyd aangewys deur die Eden-bestuur.
- Die afrigter van die span moet optree as afrigter en skeidsregter vir haar/sy eie span.



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

- Alle inligting word ge-e-pos vanaf Eden na die skole toe en die inligting moet deurgegee word aan die betrokke spelers.
- Indien 'n speler nie dié dag kan bywoon nie, verbeur sy plek in die streekspan.
- Alle inligting i.v.m. datums van wedstryde en oefentye met betrekking tot die Provinsiale span word deur die Provinsiale afrigters self aan die spelers gegee.
- Alle kommunikasie geskied tussen die Provinsiale afrigter en spelers.

  Proewe-leerders word slegs na rondte 1 vergesel deur die skool en afrigters.

## 13. MERIETE-ERKENNING TYDENS ERKENNINGSAAND

- Die Hokkiespeler van die jaar word bepaal deur na die beste individuele prestasie.
- Daar word gekyk na Nasionale, Provinsiale, Streek en skool deelname.
- Beste vordering, beste speler in ouderdomsgroep sal meriete toekennings ontvang in die vorm van Speler van die wedstryd.

## 14. DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE

- Die skoolhoof en opvoeders sal aan bovermelde beleid uitvoering gee.

  Enige wysigings aan die hokkiebeleid moet deur die Beheerliggaam van Laerskool Volschenk goedgekeur word.

## 15. DISPUUTHANTERING

- Aangesien elke opvoeder verbonde aan Laerskool Volschenk die verantwoordelikheid neem vir die uitvoering van die beleid, moet enige dispuut rondom die toepassing van die beleid na die Beheerliggaam van Laerskool Volschenk verwys word wat dit verder sal hanteer.

## 16. BEGROTING

**PROSEDURE**

- Gedurende Septembermaand moet 'n begroting ingedien word vir Hokkie.
- Die volgende moet op die begroting verskyn:

- Klinieke / Kursusse
- Sportdae
- Nuwe Toerusting
- Affiliasie gelde
- Sertifikate en trofees
- Skeidsregters



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais

## 17 BORGSKAPPE

- Die Hokkkieorganiseerder, Adjunkhoof/hoof, Bemarker en Sportorganiseerder , wie se taak dit is om borge te kry, is verantwoordelik vir enige borgskappe vir hokkie.
- Borgskappe sal slegs toegestaan word vir die o/13-spanne se sakke en klere.

Geteken op: 28/8/2026

Beheerliggaam:
Voorsitter: Hans-Jurie Uys
Onder-Voorsitter: Geoffrey Joubert
Tesourier: Hannes Louw
Sekretaresse: Estelle Richards
Ouer: Francois Barnard
Ouer: Initza Maartens
Skoolhoof: Michelle Marais
Opvoeder: Corne Kriel
Opvoeder: Bertus Jordaan
Nie-KS Opvoeder: Judi Botha

Datum: 1 April 2024 tot 1 April 2027



Wardenstraat, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Webtuiste: www.vollies.co.za
Skoolhoof: Me. Michelle Marais